

Tema: God gee jou die ewige lewe alleen deur Christus, sy Seun.

Ontmoetingsdiens

Intreelied Sb 10-2

Votum

Seën

Loflied Sb 1-2: 1, 2, 3

Geloofsbelydenis: NGB art 20

Verootmoedigingsdiens

Wetlesing: 1 Joh. 1: 5 - 2: 6

Sing Sb 9-1: 11

Gebed

Woorddiens

Skriflesing1 Johannes 5: 1 - 13

Teks: 1 Johannes 5: 10 - 13

Woordverkondiging

Sing Sb 5-3: 1, 2

Sakramentbediening

Nagmaalformulier van Calvyn

Sing Sb 17-3: 1, 2

Bediening van die Sakrament;

Antwoorddiens

Lofprysing

dankgebed aan tafel

Sing aan tafel Ps. 116-1: 7, 10

Liefdegawes

Sing Sb 5-3: 4, 5

Seën

Amenlied Sb13-3.

Geliefde brs en srs en kinders

Ons hele bestaan is geanker in ons geloof in Jesus Christus as ons Verlosser en Saligmaker! Dat God vir ons deur Christus die ware lewe gee, is die vaste rots onder ons voete waarop ons mag staan! Dit is die sekerheid wat ons het en waarin ons ons geloof veranker!

Dink bietjie aan 'n ligting by die see wat op die rotse gebou is en hoe dit die sterkste stormwinde en golwe kan weerstaan. (wys foto's). Die rede waarom daardie ligting kan bly staan is omdat dit stewig vas gebou is op die rotse. Die rots onder vorm die vaste fondament en so vorm Jesus Christus die vaste fondament van ons geloof en redding! Ons is op Hom gebou en op niks en niemand anders nie!

Om hierdie rede probeer Satan en sy bese magte met al hulle mag en krag om Jesus as Verlosser en Saligmaker uit die weg te ruim! Ons sou by wyse van ons ligting-metafoor kon sê Satan en sy bese magte is soos daardie verwoede wind en golwe wat met alle mag teen die ligting slaan in 'n doelbewuste poging om ons van Christus as ons fondament af te slaan.

Brs en srs, deur die eeue heen is hierdie stryd om Christus as enigste Verlosser en Saligmaker aan die gang.

In die tyd toe Johannes hierdie brief geskryf het, was daar ook mense wat met verkeerde en valse leerstellinge die gelowiges van hulle Rots probeer afslaan het. Die dwaalleer staan bekend as die “dokerisme” en hulle het geleer dat die sigbare skepping en die menslike liggaam eintlik van mindere waarde is as die gees. Daarom kon hulle nie aanvaar dat God sy Seun Jesus Christus in hierdie slegte wêreld sou instuur nie.

Hulle het dus beweer dat die Seun van God net in die 'n skynliggaam van Jesus van Nasaret verskyn het en dat Hy daardie liggaam voor die sterwe aan die kruis sou verlaat het – want dit is ondenkbaar dat God vir ons sondes sou sterf. So is Christus as enigste Verlosser en Saligmaker tot niet gemaak en hulle het beweer dat mense gered word as hulle hierdie geheime kennis het en daarin glo!

In die aanloop tot die Reformasie eeue later het die Roomse kerk van daardie tyd geglo dat lidmaatskap van die kerk jou redding waarborg. As jy gedoop is en so lid van die kerk geword het, dan is jy gered. Die kerk het dus die plek van Jesus as Verlosser ingeneem. Op grond hiervan is geglo dat die pous en die priesters die vermoë gehad het om jou sonde te vergewe. So is Christus eenkant geskuif en kon die kerk as redder” optree. Om hierdie rede is mense ook gemanipuleer om baie geld te gee want jy kon ook betaal om jou sondes te laat vergewe.

Vandag word die verlossing deur Christus alleen op hoofsaaklik twee maniere misken: 1. Die eerste valse leer is die Christus “plus” benadering. Dit hou in dat

jy wel in Christus glo maar jy as mens moet nog aan sekere vereistes voldoen om gered te word. Geloof in Jesus as jou Verlosser is dus nie genoeg nie – jy moet as mens nog iets daarmee saam glo of doen! So kry ons vandag 'n klomp Christus “plus” gelowe:

Bv: Christus plus 'n sekere kerk – as jy nie aan 'n sekere kerk behoort nie dan kan jy eintlik nie gered word nie? Brs en srs, het ons in die Gereformeerde Kerk ons nie al aan hierdie plus-sonde skuldig gemaak nie? Ons praat so oor die GKSA asof dit die enigste ware kerk is.

Of sekere rituele of geloofsdade word as voorwaarde voorgehou. Jy moet bv groot of klein gedoop wees om gered te word. Of jy moet sekere gewes van die Heilige Gees openbaar anders kan jy nie gered word nie. As jy bv. nie in tale kan spreek nie is jy eintlik nog nie gered nie.

Of jy moet nog sekere Ou Testamentiese wette in stand hou deur bv op sekere dae kerk toe gaan anders kan jy nie gered word nie!

Nog voorbeeld van valse Christus plus gelowe is Christus plus 'n spesifieke bevolkingsgroep. So is daar mens wat glo dat wit mense gered kan word en dat alle swart mense verlore gaan. Aan die ander kant is daar weer mense wat glo dat God net aan die kant van arm en onderdrukte swartmense is en dat net hulle gered kan word.

Een waaraan ons ons dikwels skuldig maak is Christus plus tradisie. Dikwels hoor jy dat mense in die kerk sê: ja maar ons maak nog altyd so in die kerk en daarom moet jy ook so maak! As jy nie so aantrek of jou op 'n spesifieke manier gedra nie, dan is jy nie hier welkom nie - eintlik is jy nie 'n goeie gelowige nie!

Die laaste voorbeeld van 'n Christus plus geloof is om te sê dat jy 'n volmaakte heilige lewe hier moet leef anders is jy nie gered nie. As jy dit nie regkry om nou alreeds afstand te doen van alle sonde nie en volkome reg lewe nie –dan kan jy nie gered word nie.

Geliefdes, hierteenoor kom sê God vanmore weer vir ons: **Hy gee jou die ewige lewe alleen deur Jesus Christus, sy seun! Deur in Hom te glo het jy die ewige lewe! Is jy gered en kan jy daarvan seker wees.**

Daar is niks meer as Christus en sy verlossingswerk nodig nie! Jy kan niks by jou saligheid voeg nie – niks wat jy doen kan enige bydrae lewer nie! Jesus se reddingswerk is volkome en genoeg! Dit is Christus alleen!

Dit is waarom Johannes verwys na die “water en die bloed”. Hiermee verwys Johannes na twee van die hoogtepunte van Jesus se verlossingswerk. Die water

verwys sekerlik na Jesus se doop! Die doop wat einste hierdie Johannes aan Jesus bedien het. Daardie doop was bedoel vir mense wat erken dat hulle sonde doen en berou het oor hulle sonde. **Deur gedoop te word het Jesus my en jou sonde op Hom geneem! My en jou hele lewe is in sy hande!**

En die bloed verwys na Jesus se dood aan die kruis! Daar waar Hy juis die straf van God op ons sonde in ons plek gedra het! **Daar het Hy my en jou sonde wat Hy met sy doop op Hom geneem het voor betaal met sy lewe! Want dit is die straf op sonde – die dood!**

En nou skenk God ons die geloof in Jesus en deur die geloof in Jesus as die Christus ontvang ek en jy die ware en ewige lewe. Hy is genoeg en volkome! In Hom het ek en jy alles wat ons vir hierdie lewe en vir die ewige lewe nodig het!

Maar jy het Christus nodig! Sonder Hom kan jy nie gered word nie!
Want die tweede manier waarop die Satan vandag mense mislei is die Christus “minus” benadering.

Christus word beskou as net 'n mens en nie as Verlosser nie. Ons het hierdie siening enkele jare opnuut sien pos vat deur voorstanders van die sg. Nuwe Hervorming en Nuwe Era bewegings wat Christus as Verlosser wil ontken.

Daarom – amper op dieselfde manier as die doketisme van Johannes se tyd – word Jesus gesien net as blote mens en nie as die Seun van God nie! Dat God mens kon word en as mens vir die sonde van mense kon betaal is ondenkbaar en onaanvaarbaar. Dit is nie met die werklikheid te versoen nie- Geen God kan mens word nie!

En so word die mens aan homself en sy eie kennis oorgelaat om gered te word.

Nog 'n vb. van Christus-minus geloof is om te sê dat alle gelowe eintlik dieselfde is. Solank jy maar net in een of ander bonatuurlike wese glo dan word jy gered. Jy het nie Christus nodig om gered te word nie. Almal gaan uiteindelik hemel toe – die hele wêreld word gered! So word Jesus se reddingswerk onnodig gemaak en word Hy as enigste Verlosser ontken!

Hierteenoor getuig die Heilige Gees vandag weer onbetwisbaar teenoor ons: God gee jou die ewige lewe alleen deur Jesus Christus sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe, wie nie die Seun het nie, het nie die lewe nie! Wie die Seun wil hê sal Hom ontvang! God sal niemand wat in Christus Jesus glo wegwys nie! Hy is die Weg na die lewe en God skenk dit aan almal wat in Christus glo!

En nou die vraag br. en sr: Wie is Christus vir jou?

Is die boodskap van Jesus as Verlosser vir jou al so oorbekend dat dit jou nie meer opgewonde maak nie? Miskien omdat ek en jy al hoe meer daarvan oortuig word dat ons Hom nie regtig so nodig het nie! Dat ons eintlik goed op ons eie regkom? Dalk het die Satan ons al oortuig dat ons eintlik so goeie lewe lei dat eintlik verdien om die ewige lewe te ontvang!

Dalk is ons so vasgevang in ons Christus-plus gelowe dat dit wat ons doen en glo eintlik Jesus se verlossingswerk oorskadu. Ons kerk, ons goeie lewe, ons gaan gereeld eredienste bywoon, ons lees en bid getrou, ons gereformeerde belydenisse, ons is OK!

Br en sr, as ek en jy OK was, dan hoef Jesus nie aan die kruis vir ons sonde te betaal het nie! Ons is nie OK sonder Christus nie!

Alleen in Hom is daar vergifnis vir al my sonde! Dit waaroor ek so skuldig voel voor God word my ter wille van Christus vergewe!

Alleen in Hom gee God aan my die ewige lewe! Om Christus “te hê” soos ons teks dit stel, beteken om in lewende verhouding met Hom te leef, Hom lief te hê, Hom te gehoorsaam en my hele lewe in sy hande te plaas! Jy kan nie vanmore deel kry aan die nagmaal net omdat jy ’n historiese geloof het wat lank gelede gedoop is en belydenis van geloof gedoen het, maar jy “het nie” Christus nie! Jy leef nie in Hom nie!

En wanneer ek in Hom glo – dan kan ek seker wees – so seker as wat ek vandag die brood en die wyn op hierdie tafel sien staan – so seker het God aan my die ewige lewe gegee! **Daaraan hoef jy nie twyfel nie! Jy staan op die Rots Jesus en al Satan se pogings om jou te laat twyfel of in ongeloof verval is verniet.**

Wys weer laaste skyfie! Sien u die mens wat in die deur van die ligting staan! Dit vat nogal waagmoed om daar te staan! En hy doen dit omdat hy oortuig is dat die golwe nie die ligting sal omslaan nie!

Net so wil die Here vanmore vir my en jou veilig laat voel! Hy wil vir ons sekerheid gee: Dit is Christus alleen – glo in Hom en jy sal lewe.

Amen